NHKA

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Viering

OPENING: 4 OKTOBER 2022

Prof HJB Combrink open die vergadering met Skriflesing uit Psalm 19, 'n kort oordenking en laat die vergadering saamsing uit Gesang 255: 1 en 3.

Orrelis:

Mnr Marius Hammond.

VERWELKOMING

Dr AG Ungerer verwelkom

* prof en mev HJB Combrink
* dr GC Lindeque
* past Mike Roodt
* ds WH Steyn.

OORHANDIGING VAN 'N SPESIALE OORKONDE AAN PROF HJB COMBRINK VIR SY SLEUTELROL IN DIE 2020-BYBELVERTALING

Op die terrein van Bybelvertaling lewer professor HJB Combrink ’n enorme bydrae. Hy was van 1990 tot 2018 lid van die Kerklike Advieskomitee (Die Bybel in Afrikaans) oftewel KABA – ’n adviesliggaam van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika wat alle kerke en denominasies wat Afrikaans in eredienste gebruik, verteenwoordig. Van 2004 tot 2007 was hy voorsitter van dié Komitee. Hy was lid van die vertalingspaneel van die *Afrikaanse Bybel vir Dowes* van 1997 tot 2005. In 2008 en 2009 tree hy op as Waarnemende Hoof: Vertaling by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Sy grootste bydrae lewer hy van 2006 tot 2020 as projekleier van die vertaalproses wat uitgeloop het op die verskyning van die jongste Afrikaanse Bybelvertaling in November 2020. Die leiding wat hy geneem het in die Begeleidingskomitee, waar die belangrikste besluite oor die vertaalprojek geneem is, maar veral sy voorsitterskap van die drie redaksionele komitees – die Ou Testament, die Nuwe Testament en die Deuterokanonieke boeke – was van onskatbare waarde.

Commendatio

Hans Jacob Bernard Combrink is op 23 Oktober 1940 in Lydenburg in die destydse Oos-Transvaal gebore as die tweede kind van Hansie en Helena Combrink, albei in daardie stadium onderwysers op Lydenburg. Dit was van kleins af duidelik dat dié seun ’n goeie verstand het en dat hy akademies sou presteer. Hy voltooi sy skoolloopbaan aan die Hoërskool Noord-Oosrand in Benoni waar sy pa die hoof was. Daarna skryf hy by die Universiteit van Pretoria in vir ’n BA-graad met die oog op ’n BD-graad.

Hy behaal die grade BA, BD en BA(Hons), alles met lof, aan die Universiteit van Pretoria. In 1968 studeer hy Nuwe Testament aan die Vrije Universiteit van Amsterdam onder professor Renier Schippers en voltooi hy die ThD-studie met ’n proefskrif getitel *Die Diens van Jesus: ’n Eksegetiese Beskouing oor Markus 10:45*.

Doktor Combrink word by sy terugkeer na Suid-Afrika in 1969 predikant in die NG gemeente Wonderboom. Hy was egter nie lank voltyds in die bediening nie, want

reeds in 1970 is hy van Januarie tot Julie deeltydse dosent aan die Randse Afrikaanse Universiteit in die Departement Bybelkunde. Hy word in Augustus 1970 bevorder tot senior lektor in dieselfde departement en dien ook as departementele voorsitter. Hy beklee hierdie pos tot Desember 1973, en gee van Augustus tot Desember 1973 tegelyk ook deeltyds klas in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria.

Hy sit gedurende 1974 en 1975 sy loopbaan voort as senior lektor in die Departement Nuwe Testament aan die Universiteit van Pretoria, waar hy Nuwe Testament doseer in Bybelkunde. In 1976 aanvaar hy ’n aanstelling as senior lektor in die Departement Nuwe Testament aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy beklee dié pos tot die middel van 1982, waarna hy bevorder word tot medeprofessor. Hy word in 1997 volle professor en hoof van die Departement Nuwe Testament. Hy dien ook van 1992 tot 1994 as dekaan van die Fakulteit Teologie, en weer van 1998 tot 2000. Veral gedurende sy tweede termyn as dekaan bestuur hy groot veranderinge aan die Fakulteit, onder andere die verskuiwing van die Verenigende Gereformeerde Kerk se teologiese opleiding vanaf die Universiteit Wes-Kaapland na die Universiteit van Stellenbosch.

Professor Combrink is die outeur en mederedakteur van ses boeke. Hy publiseer 40 artikels in vaktydskrifte en lewer 48 bydraes in verskeie ander publikasies gedurende sy akademiese loopbaan.

Op die terrein van Bybelvertaling het professor Combrink ’n enorme bydrae gelewer: Hy was van 1990 tot 2018 lid van die Kerklike Advieskomitee (Die Bybel in Afrikaans) oftewel KABA – ’n adviesliggaam van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika wat alle kerke en denominasies wat Afrikaans in eredienste gebruik, verteenwoordig. Van 2004 tot 2007 was hy voorsitter van dié Komitee. Hy was lid van die vertalingspaneel van die *Afrikaanse Bybel vir Dowes* van 1997 tot 2005. In 2008 en 2009 tree hy op as Waarnemende Hoof: Vertaling by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Sy grootste bydrae lewer hy van 2006 tot 2020 as projekleier van die vertaalproses wat uitgeloop het op die verskyning van die jongste Afrikaanse Bybelvertaling in November 2020. Die leiding wat hy geneem het in die Begeleidingskomitee, waar die belangrikste besluite oor die vertaalprojek geneem is, maar veral sy voorsitterskap van die drie redaksionele komitees – die Ou Testament, die Nuwe Testament en die Deuterokanonieke boeke – was van onskatbare waarde. Verder strek dit hom tot eer dat hy die veldtog wat in ’n stadium teen die vertaling gevoer is, op ’n professionele wyse hanteer het.

Professor Combrink ontvang in 2004 en ook in 2019 die Pieter van Drimmelen-medalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir sy verdienstelike bydrae tot Bybelvertaling en ook vir sy werk in die daarstelling van teologiese handboeke in Afrikaans.

Hy is sedert Desember 1994 getroud met Juliette Lambrechts. Dit is ’n tweede huwelik nadat sy eerste vrou, Lucia, in November 1992 oorlede is. Uit sy eerste huwelik is twee seuns en twee dogters gebore, en hy is die trotse oupa van 15 eie kleinkinders. Die tweede huwelik het nog twee seuns en ’n dogter en twee kleinkinders by die gesin gevoeg. Hy is ’n gesinsman by uitnemendheid.

Professor Combrink, dit is vir die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ’n voorreg om op hierdie wyse aan u erkenning te gee vir die groot bydrae wat u op die terrein van Bybelvertaling gemaak het.

BSA

Die verslag in BYLAE H word aanvaar.

BESKRYWINGSPUNT 21: BSA

BSA

1. **Daar word met waardering kennis geneem van die werk van die BSA, en die BSA word opnuut verseker van die Kerk se voorbidding en ondersteuning.**

2. **Dank word uitgespreek teenoor alle gemeentes, sakeondernemings en individue wat die Bybelgenootskap ondersteun het.**

3. **Die vergadering wens ds Dirk Gevers, voormalige uitvoerende hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, geluk met sy aanstelling as Direkteur-Generaal van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe.**

4. **Dr SM de Beer word bedank vir haar werk as deeltydse organiserende sekretaris namens die Kerk by die BSA.**

5. **Die vergadering betuig dank en waardering teenoor almal wat namens die NHKA in die Algemene Jaarvergadering en Streekkomitees van die BSA dien.**

6. **Die vergadering besluit om die Bybel 2020-vertaling naas die ander Afrikaanse vertalings van die Bybel wat reeds deur die BSA beskikbaar gestel is, goed te keur vir gebruik in die Kerk. Daarmee word uitvoering gegee aan Ordinansie 7.5.1, naamlik: Die Kerk neem deel aan die Bybelvertalingsprojekte van die BSA.**

7. **Die vergadering neem met dank kennis van al die vertalers en ander kundiges wat namens die Kerk aan die 2020-vertaling van die Bybel meegewerk het. Die vergadering bevestig die besondere erkenning en waardering teenoor proff APB Breytenbach en JH Barkhuizen.**

8. **Die vergadering spreek namens die NHKA dank en waardering uit teenoor prof HJB Combrink, die projekleier van die Bybel 2020-vertaling.**

9. **Gemeentes betaal ten minste een Sondag per jaar se deurkollekte aan die BSA oor. Die datum van hierdie deurkollekte word jaarliks deur die Kommissie van die AKV in oorleg met ander instansies in die Kerk bepaal, en betyds aan gemeentes deurgegee met die oog op die opstel van gemeentes se jaarprogramme en begrotings.**

10. **Kerkrade word versoek om jaarliks te begroot vir 'n bedrag wat die BSA benodig om Bybels bekostigbaar beskikbaar te stel. Die bedrag word verkieslik maandeliks voor 31 Oktober elke jaar direk aan die BSA oorbetaal. Vir die komende jaar word die bedrag van R60.00 per lidmaat as riglyn gebruik.**

11. Kerkrade word versoek om Bybels by die BSA aan te koop en te versprei onder diegene wat nie Bybels het nie.

12. Kerkrade word versoek om die inligting rakende Bybels wat elektronies gratis beskikbaar is, in gemeentes bekend te stel.

Dr GC Lindeque stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word aanvaar.

BESKRYWINGSPUNT 9: KERNKOMITEE: EREDIENS

LITURGIE AS GESTALTEGEWING VAN DIE EENHEID VAN DIE KERK

Die AKV bevestig die belangrikheid van die liturgie as 'n manier waarop daar gestalte gegee word aan die eenheid van die Kerk. Daarom word die Diensboek soos goedgekeur en ander besluite rakende die erediens, liturgie en kerkmusiek, deur die gemeentes van die Kerk beskou as die raamwerk waarbinne die verskeidenheid en uniekheid van elke gemeente se viering plaasvind. Gemeentes het die vryheid om binne die eie aard van elke gemeente se samestelling en omstandighede die eredienste in te rig binne die raamwerk van die besluite van die Kerk.

Motivering:

1. Die Kerkorde maak dit duidelik dat die eenheid van die Kerk onder andere gestalte kry in die liturgie van die Kerk: *Die liturgie dien die eenheid van die Kerk en bevorder die identiteit en etos van die Kerk* (Ordereël 5.3.1).

2. Die Diensboek soos goedgekeur op die laaste AKV, bied ruim geleentheid vir verskeidenheid en variasie sonder om die eenheid van die Kerk skade te berokken deur willekeur of ondeurdagte liturgiese praktyke.

3. Die besluite van die Kerk rakende liturgie, sakramente en kerkmusiek bied eweneens genoeg beweegruimte vir elke gemeente se eie unieke omstandighede en samestelling, sonder dat gemeentes mekaar se hande in die proses laat los.

Ds JF van der Merwe stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word aanvaar.

---oOo---

VERKIESING VAN DIE SEKUNDUS VAN DIE VOORSITTER VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE AKV

Die vergadering stem vir die sekundus van die voorsitter van die Kommissie van die AKV.

'n Herstemming vind plaas tussen prof T van Wyk, drr FJ Labuschagne, C Pretorius en DJC van Wyk (jr).

'n Herstemming vind plaas tussen drr FJ Labuschagne en DJC van Wyk (jr).

Dr FJ Labuschagne word verkies.

---oOo---

NHKA

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Gemeenskap

1. GEMEENSKAP

1.1 INLEIDING

Die kerk is 'n gemeenskap (*koinonia*) van gelowiges wat deur God se versoening in Christus tot stand gebring is. God hou sy kerk in stand deur mense wat Hy in Jesus Christus in genade uitkies en deur die werk van die Heilige Gees saambring deur die Woord en sakramente. Volgens ons belydenis vind die Kerk konkreet gestalte in die plaaslike gemeente waar die Woord verkondig word, die sakramente bedien word en die kerklike dissipline gehandhaaf word. Die gemeentes van die NHKA leef in gemeenskap met God en met mekaar, maar ook in gemeenskap met almal in die wêreld wat met opregtheid bely dat Jesus Christus die Here is.

1.2 STUDENTEGEMEENTES EN -BEARBEIDING

Vir bespreking en besluit.

BESKRYWINGSPUNT 10: STUDENTEGEMEENTES

STUDENTEGEMEENTES EN -BEARBEIDING

1. **Die vergadering bevestig dat studentebearbeiding van strategiese belang vir die Kerk is.**

2. **Die vergadering bevestig dat die finansiële aanvulling van werkruimtes vir studentebearbeiding vanuit die Fonds vir Strategiese Bediening befonds word en jaarliks geëvalueer word.**

3. **Predikante en gemeentes word versoek om studente vanuit hul gemeentes aan te moedig om by die onderskeie studentegemeentes van die Kerk in te skakel. Kerkraadsvergaderings bekom jaarliks inligting van alle skoolverlaters wat uit gemeentes verhuis na tersiêre instellings. Die inligting (toekomstige adres en telefoonnommer) word na die onderskeie studentegemeentes gestuur.**

Motivering:

Die saak waaroor daar eenstemmigheid bestaan, is die belangrikheid van die bearbeiding van studente en jong skoolverlaters as 'n groeipunt vir die Kerk. Om kreatief te dink en uitvoering te gee aan die opdrag van die 72ste AKV, is die finansiële versorging van die werkruimtes vir studentebearbeiding sedert die vorige AKV vanuit die Fonds vir Strategiese Bediening befonds. Vanuit die fokus op groeipuntbediening blyk dit dat die Fonds vir Strategiese Bediening 'n effektiewe en finansieel volhoubare werkwyse is om die strategiese bediening te evalueer en te moniteer. Oor die langtermyn is die bearbeiding van studente en jong skoolverlaters, as 'n groeipunt vir die Kerk, strategies baie belangrik om studenteleiers en jongmense te bedien, en as toekomstige leiers in gemeentes van die Kerk daar te stel.

Dr RA Denton stel die beskrywingspunt.

Die volgende amendement gestel deur dr FJ Labuschagne en gesekondeer deur ds GS van Wyk, word aanvaar:

Die vergadering bevestig dat finansiële aanvulling van werkruimtes van studentebearbeiding vanuit die Fonds vir Strategiese Bediening befonds word en jaarliks geëvalueer word.

1.3 **BESKRYWINGSPUNTE WAT NIE VERBAND HOU MET VERSLAE NIE**

BESKRYWINGSPUNT 11: SGB: WELSTANDSPROGRAM

VOORKOMENDE PROGRAM: EMOSIONELE WELSTAND VAN PREDIKANTE

Die Welstandsprogram vir predikante word versoek om 'n voorkomende program daar te stel met die oog op die emosionele welstand van predikante.

Motivering:

1. Die emosionele welsyn van predikante, hulle families en die gemeente is vir die Kerk 'n saak van hoë prioriteit. Hiermee saam hang 'n belewenis van emosionele geborgenheid en grondige hoop. Dit teenoor aanhou vir jare tot dit finansieel haalbaar is om so vroeg as moontlik te emeriteer omdat die emosionele las te veel geword het; of alternatiewelik knak en besluite neem wat negatiewe gevolge vir sulke predikante en hul gesinne inhou.

2. Die finansiële welstand van predikante na pensioen, is vir hulle 'n groot bekommernis. Emosionele uitbranding kan egter meebring dat so iemand ten spyte hiervan tog vroeg emeriteer en daarna finansieel moeilik die mas opkom.

3. Die Kerk gaan binne enkele jare 'n groot tekort aan predikante ontwikkel. Die beste langtermyn oplossing is hou predikante emosioneel gesond, sodat hulle langer in die bediening kan aanbly.

4. Die meeste predikante met vol pensioen het dit finansieel steeds moeilik. Indien hulle emosioneel sterk genoeg is om verder te werk, bied dit hulle en gemeentes binne die voorsiene tekort aan predikante 'n uitkoms.

Dr FJ Labuschagne, die hoof van die SGB, stel die beskrywingspunt, gesekondeer deur dr GJ Malan.

Die beskrywingspunt word aanvaar.

---oOo---

MOSIE INGEDIEN DEUR 'N LID VAN DIE WELSTANDSKOMITEE NAMENS 'N KOLLEGA

My grootste dank aan die kollega in die Welstandskomitee wat my in 2021 gekontak het en ondersteun het toe ek werklik emosioneel op 'n punt tussen lewe en dood gestaan het. Dankie en seën vir u.

VERKIESING VAN DIE SEKUNDUS VAN DIE SKRIBA VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE AKV

Die vergadering stem vir die sekundus van die skriba van die Kommissie van die AKV.

'n Herstemming vind plaas tussen prof T van Wyk, drr C Pretorius en DJC van Wyk (jr). Dr Van Wyk versoek dat daar nie vir hom gestem word om op die Sekunduskommissie te dien nie.

Dr C Pretorius word verkies.

---oOo---

BESKRYWINGSPUNT 12: SGB: WELSTANDSPROGRAM

SABBATSVERLOF

1. Paragraaf 5.1 van die *Verlofreglement vir predikante* word soos volg gewysig:

5.1 Benewens gewone verlof is 'n predikant geregtig op die volgende verlof met volle versorgingsvoordele:

(i) 21 aaneenlopende dae aan die einde van elke termyn van drie jaar diens in dieselfde gemeente. Hierdie verlof staan bekend as sabbatsverlof en moet binne ses maande na kwalifisering daarvoor geneem word. Indien langverlof geneem is, kan sabbatsverlof net geneem word nadat drie jaar verstryk het nadat langverlof geneem is.

(ii) Langverlof van 21 aaneenlopende dae aan die einde van elke termyn van vyf jaar in diens van dieselfde gemeente.

2. Paragraaf 5 van die *Verlofreglement vir predikante* is met die nodige aanpassings netso van toepassing op sabbatsverlof as op langverlof.

Motivering:

Die welstand en die gepaardgaande selfsorg van predikante is vir die NHKA 'n saak van hoë prioriteit. Die Kerk het meganismes nodig om intensionele rusmomente vir die predikant te struktureer en selfs te legitimeer. Die huidige *Verlofreglement vir predikante* is met sterk arbeidsregtelike ondertone verwoord. Die bediening in al sy fasette is uitdagend (75 omskrewe take wat op die dienswerk van die predikant betrekking het) en neem die lewe van die predikant en sy of haar

gesin grotendeels in beslag. Hoë vlakke van uitbranding en die emosionele lading van die predikant is 'n realiteit.

Die vervulling en herbevestiging van die predikant se roeping is 'n saak wat in terme van langtermyn dienswerk in een gemeente aandag nodig het. Sabbatsverlof het ten doel om spesifiek met die oog op innerlike vernuwing roeping en lewe by God te herwin. Selfsorg en effektiewe dienswerk word verder hierdeur bevorder.

Langverlof en gewone verlof word in die lig van die huidige ekonomiese omstandighede nie behoorlik geneem nie.

Die werkopdrag van die predikant is uniek en val dus in 'n groot mate buite die grense van die arbeidsreg. Kerklike reëlings is nodig om 'n Bybelse rus-ritme as deel van die werkkultuur te bevorder.

Sabbatsverlof word as 'n volgende kategorie tot die *Verlofreglement vir predikante* bygevoeg.

Predikante is na verloop van drie jaar in dieselfde werkkring geregtig op 21 kalenderdae sabbatsrus.

Die sabbatsverlof en langverlof siklusse mag mekaar nie oorvleuel nie.

Sabbatsrus gebeur ononderbroke en kan nie opgehoop word nie.

'n Verslag insake die rus-program sal voor en na afloop van die sabbatsrus met die plaaslike kerkraad bespreek word.

Sabbatsrus het geen monetêre waarde nie.

Dr FJ Labuschagne, die hoof van die SGB, stel die beskrywingspunt.

Die volgende amendement gestel deur ds AJ Hattingh en gesekondeer deur ds BC Oberholzer, word aanvaar:

Langverlof verander na 21 dae elke drie jaar op dieselfde basis as tans.

BESKRYWINGSPUNT 13: GEMEENTE VANDERKLOOF (ONDERSTEUN DEUR DIE RING VAN BLOEMFONTEIN)

KERKLIKE HUWELIKSBEVESTIGING

Die vergadering word versoek om die ondersoek na die moontlikheid van 'n kerklike huweliksbevestiging, wat vroeër gedoen is, voort te sit. Indien die besluit aanvaar word, is die saak van rekordhouding wesenlik belangrik.

Motivering:

Die noodsaak vir so 'n ondersoek wat vroeër bestaan het, geld steeds. Dit is

trouens belangriker aangesien die rekordhouding van die staat veel te wense oorlaat.

Die afgevaardigde van Gemeente Vanderkloof stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt verval.

BESKRYWINGSPUNT 14: RING VAN WES-KAAPLAND

BEFONDSING VAN DIE HERVORMER

Die Hervormer **word ten volle 'n elektroniese publikasie. Personeel word gerasionaliseer – betrokkenheid van redaksielede geskied op 'n vrywillige basis, sonder vergoeding. Daar word slegs begroot vir professionele dienste soos 'n taaladviseur, grafiese kunstenaar en bladuitleg, asook direkte koste vir die verspreiding. Die begroting en 'n model vir befondsing word aan die AKV voorgelê vir bespreking en besluit.**

Motivering:

Volgens Omsendskrywe 6 van 2021 (17 Maart 2021) vanaf die Kommissie van die AKV aan ringskribas, gemeenteskribas en predikante, is die tradisionele intekenmodel op die gedrukte weergawe van *Die Hervormer* in 2015 vervang met aanvang van die elektroniese publikasie daarvan op die Kerk se webblad. Volgens dieselfde skrywe is die nuwe intekenmodel deur aanvaarding van voorgelegde verslae deur SENTIK op die 71ste en 72ste AKV's onderskeidelik bekragtig.

Die bogenoemde verandering het egter ook gepaard gegaan met die instelling van 'n verpligte maandelikse/jaarlikse finansiële bydrae vanaf elke gemeente, beraam op die lidmaattal van die betrokke gemeente (ie 'n heffing). Hierdie heffing het waarskynlik ten doel om die oorhoofse koste van SENTIK sinodaal te befonds, kragtens Beskrywingspunt 28, Besluit 1 van die 71ste AKV.

Geen sittende AKV het tot dusver bogenoemde nuwe intekenmodel met 'n besluit goedgekeur nie.

Aan die hand van bostaande die volgende:

1. Die aanvaarding/kennisname/goedkeuring van 'n verslag impliseer nie *ipso facto*

   * dat alle feite en menings in die verslag akkuraat is nie; en

   * dat die bedoeling, suggesties en selfs aanbevelings in die verslag vanselfsprekend besluite van die vergadering word nie.

   Daar moet ('n) pertinente, gemotiveerde voorstel(le) uit die verslag geformuleer word wat gedebatteer moet word en waaroor gestem moet word.

2. Sinodale kostebesparing kan nie bloot 'n verplasing van daardie kostes na gemeentes behels nie.

3. *Die Hervormer* is die amptelike mondstuk van die Kerk, en indien moontlik moet dit behoue bly. Dit is ook egter 'n luuksheid onder omstandighede waar gemeentes 'n stryd om oorlewing voer. Die trots van ons kerklike publikasies is van min troos aan gemeentes wat toemaak of maandeliks verder in skuld gedompel word, sodat daardie publikasies onveranderd kan voortbestaan.

Ds G van der Merwe, die skriba van die Ring van Wes-Kaapland, stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt verval.

---oOo---

NHKA

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Getuienis

2. GETUIENIS

2.1 INLEIDING

Die 68ste en 69ste AKV's het bevestig dat die NHKA sy opdrag om missionaal te leef en werk, wil gehoorsaam. Die woord *missionaal* dui op 'n denk- en bestaanswyse waar die apostolaat 'n integrale deel van 'n gemeente se denke, lewe en werk uitmaak. Dit dui allereers op 'n interne saak wat ten diepste met die spiritualiteit van lidmate en die gemeente te doen het, maar tweedens ook uitmond in diensbaarheid in die wêreld. Binne die reformatoriese tradisie verstaan ons dat die Kerk in die eerste plek die plaaslike gemeente is, waar die lidmate rondom die Woord en die sakrament vergader om die verlossing in Christus te vier. Dit is ook deur die plaaslike gemeente dat lidmate diensbaar word en in die wêreld getuig van die verlossing in Christus.

2.2 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET GETUIENIS VERBAND HOU

2.2.1 KERNKOMITEE: KERK, TEOLOGIE EN ETIESE SAKE

BESKRYWINGSPUNT 16: KERNKOMITEE: KERK, TEOLOGIE EN ETIESE SAKE

EENVOUDIGE UITLEG VAN DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS

1. **Die 73ste AKV neem met dank kennis dat die publikasie *Ek glo* eersdaags volledig in gedrukte formaat in die *THT* se reeks *Kerk en Teologie* sal verskyn.**

2. **Die 73ste AKV neem ook met dank kennis van 'n gesamentlike projek wat 'n eietydse interpretasie van die NGB aan die begin van 2023 beskikbaar sal stel.**

3. **Lidmate en ampsdraers word aangemoedig om materiaal wat op die Kerk se webwerf beskikbaar is tydens Bybelstudies te benut.**

4. **Die publikasie mag ook as preekbundel dien, hulpmiddel vir ouderlinge wat leesdienste moet hou.**

5. **Die genoemde publikasies handel die opdrag van die AKV, om die belydenis en belydenisskrifte eietyds te interpreteer en beskikbaar te stel, af.**

Motivering:

Die 70ste AKV (2013) van die NHKA het opdrag gegee dat publikasies oor die Kerk se belydenis beskikbaar gestel moet word.

Die opdrag is deel van die gesprek oor 'n eietydse interpretasie van die Christelike geloof en die leer van die Kerk soos dit in die belydenisskrifte verwoord word. Samehangend met hierdie besluit, is daar verder besluit dat 'n publikasie oor Skrifbeskouing moet verskyn asook 'n eietydse interpretasie van die uitverkiesingsleer.

Onder leiding van dr GMJ van Wyk is besluit om met die uitleg van die *Apostoliese Geloofsbelydenis* (ook bekend as die *Apostolicum*, *Credo* of *Twaalf Artikels*) te begin. Die rede daarvoor is eintlik vanselfsprekend: Die *Apostoliese Belydenis* is die oudste Christelike geloofsbelydenis en ons hoor dit steeds Sondag in Hervormde eredienste, wanneer ons saam met die kerk van alle eeue bely: *Ek glo in God die Vader…* Die Belydenis is bykans tweeduisend jaar gelede in die gemeente in Rome gebruik as deel van die doophandeling en kategese.

Verskeie predikante van die Hervormde Kerk is versoek om verklarende aantekeninge by elke artikel van die Belydenis te skryf en die bydraes wat ontvang is, is in die agenda van die 71ste AKV (2016) opgeneem (alhoewel dit nie volledig of persklaar was nie).

Die Kommissie van die AKV het die Kernkomitee vir Kerk, teologie en etiese sake, en die SRT versoek om die bestaande materiaal te verwerk en gereed te maak vir publikasie in die *THT* se boekereeks, Kerk en Teologie. In uitvoering van dié opdrag, het die redakteur van die *THT* die vrymoedigheid geneem om die materiaal wat by die AKV gedien het, te herskryf.

Die bestaande materiaal is verwerk met die oog op groter eenvormigheid in terme van styl, taalgebruik, terminologie en uitleg. Toepaslike Skrifgedeeltes en verwysings na die HK is bygewerk. Laasgenoemde is gedoen omdat die opstellers van die HK die *Apostoliese Belydenis* as basis gebruik het en in 17 afdelings daarop kommentaar lewer. Hierdie publikasie vervul dus 'n dubbele funksie: Eerstens gee dit 'n bepaalde perspektief op die Belydenis; en tweedens spreek dit (gedeeltelik) die behoefte aan 'n publikasie oor die HK aan.

Die bekende Switserse teoloog, Karl Barth, het daarop gewys dat gelowiges nie net hulle *geloof saam met die kerk van alle eeue* bely nie, maar elke Sondag *hier en nou* bely. Daarmee verkry die Belydenis van die gemeente 'n bepaalde aktualiteit en is dit nie maar net 'n ou, historiese dokument van die Kerk nie. Daarom word hierdie uitgawe van die *THT* vir gebruik in die NHKA aangebied, met die bede dat dit die prediking, kategese en verdieping van lidmate se geloof sal dien.

Mag ons elke Sondag, in die tyd en land waarin ons leef, met oortuiging ons geloof in God die Vader, Seun en Heilige Gees bely.

Prof WA Dreyer stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word aanvaar.

---oOo---

VERKIESING VAN DIE SEKUNDUS VAN DIE VISEVOORSITTER VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE AKV

Die vergadering stem vir die sekundus van die visevoorsitter van die Kommissie van die AKV.

'n Herstemming vind plaas tussen proff J Beyers, T van Wyk, drr H Delport, JM van Staden, DJC van Wyk (jr) en ds D Barnard.

'n Herstemming vind plaas tussen proff J Beyers, T van Wyk en ds D Barnard.

'n Herstemming vind plaas tussen prof J Beyers en ds D Barnard.

Prof J Beyers word verkies.

---oOo---

BESKRYWINGSPUNT 17: KERNKOMITEE: KERK, TEOLOGIE EN ETIESE SAKE

EIETYDSE EN KERKEIE BELYDENISSKRIF

1. **Die 73ste AKV neem kennis van die memorandum oor die moontlikheid van 'n eietydse en kerkeie belydenisskrif.**

2. **Die 73ste AKV is van mening dat die aandrang op 'n eietydse en kerkeie belydenisskrif op 'n bepaalde tydstip in die Hervormde Kerk se geskiedenis ontstaan het toe daar verskil van mening was oor die interpretasie van en binding aan die belydenisskrifte. Daardie krisis het grotendeels verbygegaan.**
3. **Resente publikasies oor die belydenis wat in die *THT* gepubliseer is, word aanbeveel as hulpmiddel by die prediking en Bybelstudie.**

4. **Lidmate en ampsdraers word aangemoedig om erns te maak met ons reformatoriese en ekumeniese belydenis deur gereeld in die erediens, prediking en Bybelstudies daaroor na te dink, dit te vier en aktueel te verwoord.**

5. **Die 73ste AKV gee opdrag dat die *Barmen Verklaring* wat in 1934 in Duitsland tot stand gekom het, in Afrikaans vertaal word vir verdere oorweging, gesien die traumatiese en verwoestende omstandighede in Suid-Afrika. Grootskaalse korrupsie, staatskaping, armoede en geweld roep die Kerk op om profetiese getuienis te lewer, en nie verder te swyg nie. 'n Aangepaste weergawe van die *Barmen Verklaring* kan hierin behulpsaam wees.**

Motivering:

Die meegaande memorandum dien as volledige motivering.

Prof WA Dreyer stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word aanvaar.

BESKRYWINGSPUNT 18: KERNKOMITEE: KERK, TEOLOGIE EN ETIESE SAKE

UITVERKIESINGSLEER

1. Die 73ste AKV neem met dank kennis van die memorandum oor uitverkiesingsleer wat in die agenda van die AKV opgeneem is.

2. Dit word aan lidmate en ampsdraers van die Kerk beskikbaar gestel vir bespreking. Lidmate en ampsdraers word aangemoedig om die materiaal te benut tydens Bybelstudies en as toerusting vir ampsdraers.

3. Die 73ste AKV besluit dat met bogenoemde studiewerk volstaan word, en dat 'n eietydse interpretasie van die DL nie 'n haalbare opdrag is nie.

4. Die DL moet, soos enige ander belydenisskrif, as 'n historiese dokument beskou word. As mensewoord oor God vertoon dit bepaalde tekortkominge en moet verantwoordelik geïnterpreteer word. Daar kan verskille wees in interpretasie en formulering, maar die kern van die saak staan vas: Ons verlossing berus op God se keuse om vir ons 'n God te wees.

5. Die Kerk bely met oortuiging en groot vreugde:

- **Die Christelike geloof begin met God se keuse vir ons, en nie met ons keuse vir God nie.**
- **God het ons in Christus uitgekies. Dit lei ons tot lofprysing oor die heil wat in Christus aangebreek het.**
- **Die spanning tussen uitverkiesing (*electio*) en verwerping (*reprobatio*) kan net Christologies opgehef word. Ons kan net van *uitverkiesing in Christus* praat (Efesiërs 4). Christus is tegelykertyd die uitverkore mens en die mens wat aan die kruis die verworpene is en die oordeel en straf van God ontvang.**
- **Die uitverkiesingsleer laat ons besef wat genade is. God se voorneme om vir Hom 'n kerk te vergader, is pure genade.**

Motivering:

Die meegaande memorandum dien as volledige motivering.

Uitverkiesing gaan nie oor 'n abstrakte dekreet oor die getal individue wat uitverkorene is nie. Die individualisme, wat 'n kenmerk is van modernistiese denke, het 'n ongesonde en onverantwoordelike klem op die individu en die vrye keuse van die individu geplaas. Uitverkiesing gaan om meer as die persoonlike saligheid van die individu. Dit gaan oor die verhouding tussen God en mens, en God se fundamentele besluit om God vir ons te wees. God kies in vryheid om God te wees en in verhouding met die mens te staan.

Hierdie keuse van God en die gepaardgaande verhouding met die mens word sigbaar in die Persoon en verlossingswerk van Jesus Christus. Die uitverkiesing vind sy diepste grond in die feit dat ons in Christus (Efesiërs 1: 4) uitverkies is. Omdat Christus tegelykertyd God en mens is, is Hy tegelykertyd die uitverkiesende God, maar ook die uitverkore en verwerpte mens wat aan die kruis die verhouding met God herstel.

Prof WA Dreyer stel die beskrywingspunt.

Die volgende amendement gestel deur dr DJC van Wyk (jr) en gesekondeer deur oudl EH Dreyer, word aanvaar:

Punt 3 word soos volg gewysig:

> **Die 73ste AKV besluit dat 'n eietydse interpretasie van die DL nie 'n haalbare opdrag is nie. Die vergadering kontinueer 'n eietydse interpretasie van die uitverkiesingsleer sodat hierdie leerstelling met oortuiging en vreugde bely kan word.**

BESKRYWINGSPUNT 19: KERNKOMITEE: KERK, TEOLOGIE EN ETIESE SAKE

BYSTANDDOOD

1. **Die 73ste AKV neem met dank kennis van die memorandum oor bystanddood wat in die agenda van die AKV opgeneem is.**

2. **Dit word aan lidmate en ampsdraers van die Kerk beskikbaar gestel vir bespreking.**

3. **Lidmate en ampsdraers word aangemoedig om die materiaal te benut tydens Bybelstudies en as toerusting vir ampsdraers.**

4. **Die 73ste AKV besluit dat navorsing oor bystanddood voortgesit word.**

5. **Ons glo dat elke mens se lewe 'n kosbare gawe uit die hand van God is.**

6. **Ons glo dat die dood ook 'n gawe uit die hand van God is, wat die mens verlos van liggaamlike pyn en lyding, en op grond van Jesus Christus se opstanding, die deurgang is tot die ewige lewe. Ons enigste troos in lewe en in sterwe is dat ons aan Jesus Christus behoort wat ons met sy kosbare bloed vrygekoop het van die sonde en die dood.**

Motivering:

Die Kerk neem daarvan kennis dat daar wêreldwyd wetgewing bestaan wat dit moontlik maak dat mense gehelp word om te sterf. Die gesprek oor die wettiging van bystanddood is ook in Suid-Afrika aan die gang. Suid-Afrikaanse media doen dikwels verslag oor gevalle van bystanddood.

Navorsing toon aan dat lande wat bystanddood gewettig het, 'n stygende tendens vertoon. In sulke lande wissel die voorkoms van bystanddood tussen 0.3% tot so hoog as 4% (in Nederland). In al hierdie gevalle het 'n mediese spesialis 'n persoon help sterf deur óf medikasie te weerhou óf aktief 'n middel toe te dien wat die dood verhaas. Tans is daar 'n groot gesprek of kinders onder 12 ook kan aansoek doen vir bystanddood.

Kerke regoor die wêreld worstel met die moreel-etiese vraagstukke wat hiermee verband hou. Van 'n eenvormige respons vanuit die Christelike etiek is daar nog geen sprake nie. Die gebod *jy mag nie moord pleeg nie* stel Christene voor die fundamentele beginsel dat lewe 'n gawe van God is, en dat die lewe van elke mens waardevol is. In die geskiedenis van die kerk het invloedryke teoloë die gebod ook op selfdood van toepassing gemaak. Die vraag vir baie Christene is of bystanddood dieselfde is as selfdood, en of die persoon wat bystand verleen aandadig is aan moord. Vir baie is dit strydig met die Christelike verstaan van lewe as gawe, en God wat beskik oor lewe en dood. Karl Barth was van mening dat die gebod nie as 'n bevel verstaan moet word nie, maar as 'n belofte: Jy móét nie lewe nie, maar jy mág lewe. Om te sterf is ook 'n gawe uit die hand van God, omdat dit die belofte inhou van die ewige lewe.

Daar bestaan verskil van mening wat die grense van bystanddood sou wees. Sou dit uiteindelik daarop uitloop dat enige persoon kon aansoek doen om bystanddood, namate dit meer aanvaarbaar word? Sou enige persoon ouer as 70 (byvoorbeeld) kon aansoek doen om bystanddood?

Die een risiko voor hande is dat wysiging in die wet nie net die verandering in morele waardes van 'n samelewing navolg nie, maar self ook nuwe morele waardes skep en aanvaarbaar maak. Hoe meer die wet voorsiening maak vir bystanddood, hoe meer word dit aanvaarbaar.

Uiteindelik sou dit ook die mens se vermoë om met waardigheid oud te word, siekte te dra en uiteindelik te sterf onder druk plaas, indien die wet voorsiening daarvoor sou maak dat enige persoon aansoek sou kon doen.

Prof WA Dreyer stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word aanvaar, met die verstandhouding dat die memorandum as 'n gespreksdokument beskou word. Die vergadering besluit om gesprek en navorsing oor die onderwerp voort te sit.

---oOo---

VERSKONINGS

Die volgende verskonings vir afwesigheid vir gedeeltes van die vergadering is van afgevaardigdes ontvang:

AFGEVAARDIGDE	GEMEENTE	DATUM EN TYD VAN AFWESIGHEID
De Beer GS ds	Noordwestelike Pretoria	4 Oktober 2022 tot 13:00 en 5 Oktober 2022 tot 11:00
De Leeuw LJ ds	Breyten	4 Oktober 2022
Dreyer JJ ds	Bloemfontein	5 Oktober 2022 vanaf 16:00
Geyser-Fouché AB prof	Philadelphia	4 Oktober 2022 vanaf 09:30 tot 14:30
Knol D oudl	Silverton	3 tot 6 Oktober 2022
Marnewick JC ds	Johannesburg-Wes	5 Oktober 2022 vanaf 08:30
Reichel H prop	Beroepafwagtend	6 Oktober 2022
Steenkamp PL dr	Glencoe	4 Oktober 2022 vanaf 17:00

Stoffels AIF oudl	Emmaus Kenleaf	5 en 6 Oktober 2022
Stoltz GPJ ds	Westonaria	4 Oktober 2022 vanaf 17:00
Swanepoel AC ds	Derde Kruis	4, 5 en 6 Oktober 2022 vanaf 10:00
Thomas A ds	Oos-Moot	4 Oktober 2022 vanaf 16:30 tot 19:00
Van der Merwe CM ds	Hartebeestpoort	4 Oktober 2022
Van Staden JM dr	Montana	4 Oktober 2022 vanaf 15:30 tot 17:45
Venter AE oudl	Bloemfontein	5 Oktober 2022 vanaf 16:00

VERKIESING VAN DIE SEKUNDUS VAN DIE VISESKRIBA VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE AKV

Die vergadering stem vir die sekundus van die viseskriba van die Kommissie van die AKV.

'n Herstemming vind plaas tussen prof T van Wyk, drr H Delport, MJ Jansen van Rensburg, JM van Staden, DJC van Wyk (jr) en ds D Barnard.

'n Herstemming vind plaas tussen prof T van Wyk, drr H Delport, JM van Staden en ds D Barnard.

'n Herstemming vind plaas tussen prof T van Wyk en ds D Barnard.

Ds D Barnard word verkies.

AFSLUITING: 4 OKTOBER 2022

Oudl MP van Niekerk sluit die vergadering af met Skriflesing uit Psalm 8 (1983-vertaling), en gaan voor in gebed. Die vergadering sing saam uit Gesange 464: 1, 2 en 4, en 266.

Orrelis:

Mnr Pieter van den Berg.

---oOo---